
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God. Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word


Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

"GAYS" -IS DAAR 'N UITKOMS?

Daar is op die oomblik geweldige verwarring in baie kerke tussen hul leiers en kerklidmate aangaande die onderwerp van homoseksualisme. Daar was onlangs besprekingsgroepe, wat wyse teoloë en predikante betrek het, wat die vraag bespreek het of die wat homoseksualiteit beoefen of nie, lidmate van die gemeente kan wees, asook aangaande die ordening van predikante en priesters wat self homoseksueles is. Net die feit dat hierdie besprekings nodig was vir ons geleerde teoloë is `n verdoemende aanklag teen hulle. God se Woord is Sy Wil, en dit het die finale sê aangaande Sy bevele aan ons. Die Bybel is baie duidelik en beslis aangaande homoseksuele gedrag, daarom verstom dit my om te dink dat enige besprekings enigsins nodig geag kon wees! God is baie duidelik aangaande seksuele gedrag en feitlik elke boek van die Bybel verwys na die gruwel van seksuele perversie en onsedelikheid in enige vorm. Ek weet egter dat hierdie getuienis wat `n rukkie gelede aan my gerig is, alles sê, en daarom voel ek gelei om dit in sy geheel te druk om dinge reg te stel en mense te help om los te kom van die verwarring en leuens wat deur skrifgeleerdes verkondig is aangaande hierdie afskuwelike sonde. Hierdie is net een van `n aantal soortgelyke getuienisse, maar God het gewaarsku dat daar in die laaste dae leerstellings van duiwels sal wees, sodat selfs die uitverkorenes mislei sal word asook algehele ongehoorsaamheid aan God se Woord. **Matt. 23:13: Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.** Jesus



"Lev. 20:13: En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle."

waarsku ons in **Matt. 7:13-14: Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.**

Laat ons gehoor gee aan iemand wat die pad geloop het!

Liewe Dr James,

Genade, onbeskryf groot het U aan my bewys: Verlore seun – 'n wegloop kind weer in die vaderhuis. Ja, ook vir my was daar en is daar elke oomblik van my bestaan ongelooflike Genade.... Deur al die jare in die homoseksuele gemeenskap het ek genade ontvang; het ek heelhuids anderkant uitgekom. U sal hopelik nou-nou beter verstaan waaroor dit alles gaan. Ek kan nie anders as om vir u te vertel van die groot gevaar van homoseksualiteit, soos ek dit ondervind het, nie. Ek kan nie stilbly oor hoe ek uit Genade by die Bankrotskap van my eie grootsheid moes kom om 'n Liefdevolle Hemelse Vader te vind wat my sonder enige verwyt terug in Sy huis ontvang het nie. Deur die Liefde van God en deur Sy groot Genade is ek volkome genees van homoseksualiteit – is ek verlos van 'n demoniese siekte. Juis daarom wil ek u vra om baie mooi te luister na wat ek in swakheid en nederigheid vir u wil en natuurlik moet sê. U ken of weet dalk van iemand wat met hierdie verskriklike siekte worstel en nie weet hoe om daar uit te kom nie. Moontlik ook nie regtig weet waaroor dit alles gaan nie, maar sekerlik die ergste – glo dat dit maar so moet wees of dat dit maar reg is om "so" te wees. "Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie."

Hierdie volk (die homoseksuele) se verstand is afgestomp. "Hulle het

(Vervolg op Bl. 2)

(vervolg vanaf Bl. 1 - "Gays" - Is daar .....)
hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand verstaan en hulle bekeer en – hulle gesond maak nie" (Hand. 28:26-27). Daarom vra ek vir God om ore, oë en verstande oop te maak sodat hierdie paar woorde by die regte mense sal uitkom en dat daar vir andere ook Genesing sal kom.

Ek gaan sommer met die deur – kosyn en al – in die huis val. Tyd vir mooi woordjies en doekies omdraai is daar nie meer nie.

In Genesis 19 lees ons die eerste keer in die Bybel van homoseksualiteit. Waarom is Sodom en Gomorra verwoes? Die Sodomiete het Lot se huis omsingel en geskree dat hy die twee engele wat in sy huis is, moet buitentoe stuur sodat hulle geslagsgemeenskap kan hê (Gen. 19:5). Ons lees in **Lev. 18:22**: **Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. Lev. 20:13**: **En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle.**

Maar wat is homoseksualiteit? Dit my liewe vriend is, en soos ek dit ondervind het, liefde soek in die arms van 'n vrou wat nie jou ma is nie. Sou jy 'n man vrees, sal dit liefde soek wees in die arms van 'n man wat nie jou pa is nie. Hierdie liefde is nie die liefde waarvan God praat nie – nee – hierdie is 'n liefde wat rondom die grootste leuen wat oor die term bestaan, gebou en vertroetel word. 'n Term wat Satan met die lekkerste lekker voor jou kom neersit. Kom ons kyk eers na 'n klompie woorde en wat dit beteken. Dit sal heelwat onduidelikhede opklaar en verduidelik.

SODOM: Stad waarin SODOMIE gepleeg word.

SODOMIE: Teen natuurlike, Homoseksuele ontug.

SODOMIET: Homoseksualis/ Homoseksueel.

(Bogenoemde uit Van Schaik se verklarende Afrikaanse woordeboek).

SODOMIET: Hond (Lev. 18)

SODOMIET: (Hebr.): Qadesh: Prostitusie met dieselfde geslag.

GOMORRA: Op Engels – Unlawfully touching.

Verder beteken Gomorra en beskrywings daarom dieselfde as Sodom.

Noudat ons 'n bietjie agtergrond kennis oor hierdie woorde het, kan ons verder gaan. Hoe gebeur dit? Daar is soveel verskillende teorieë en idees oor die ontstaan van homoseksualiteit dat geen definitiewe rede aangevoer kan word nie. Sommige mense beweer dat voorgeboortelike skok 'n groot rol kan speel. Andere beweer dat kindermolestering 'n faktor is. Ja, so sal elkeen sy of haar rede aanvoer, maar ek deel nou met jou 'n feit – hierdie siekte kom van Satan af....

Kyk, die atmosfeer en geleentheid om jou te vang, sal Satan skep. So subtiel is hierdie leuen gekamoefleer dat jy dit dalk nie eers raaksien nie. Jy besef eendag dat jy pens en pootjies binne die maalkolk van homoseksualiteit beland het. Tot binne in ons sitkamers kom bied Satan hierdie lekkerny van hom aan in TV programme, films, musiek, popgroepe, noem maar op. Die hartseer feit is dat dit alles so mooi en aanskoulik vir jou opgedis word, dat jy meeste van die tyd nie agterkom dat Satan jou al stywer en stywer in hierdie web van hom vaspen nie. Ons ou mensdom is tog so emosioneel – lekker speel ons in Satan se kraal.... Ek het reeds gewaarsku teen troos soek in verkeerde arms. Dit is juis ons emosies wat ons daarna dryf – ek is ver van die huis, ek verlang na mammie/pappie, my reëlings oor my lewe vlot nie, ek is hartseer – en ou maatjie, voor jy jou kom kry, huil jy lekker op die verkeerde skouer. So werk Satan. So het hy my ook gevang en ja, so was ek ook sy instrument – sy verkeerde skouer en het ek ook mammie gespeel vir 'n meisiekind wat huis toe verlang het.

Dit gaan egter nie net oor die verkeerde arms nie. Nee, dit gaan oor 'n onding wat besig is om die hele wêreld oor te neem.

Homoseksualiteit, so beskryf David Popenoe dit in Sosiologie P. 275, was eers 'n verskillende sonde. Toe word dit as 'n ernstige siekte aanvaar en vandag is dit 'n keuse van leefwyse. 'n Leefwyse soos ek reeds gesê het, begin as gevolg van 'n magdom verskonings. Kom ons skryf 'n paar neer.

1. Afwesigheid of verwronge vader/moeder figuur.
2. Voor-of nageboortelike verwerping deur ouers (a.g.v. kind se geslag).
3. Negatiewe seksuele ondervind (molestering).
4. Die posisie van die kind in die gesin (b.v. 2e, afgeskeepte of verwaarloosde kind).
5. Kind wat as die teenoorgestelde geslag groot gemaak word (dit veroorsaak verwarring by kind).
6. Liefdes teleustelling(s).
7. Gebroke huwelike.
8. Enkel ouerskap kan ook 'n verwarrende "model" by die kind skep.

Maar weer onderstreep ek die enigste feit daaroor:

SATAN!! Hy kom en buit al hierdie situasies uit, en Hy stuur iemand om te troos, om te vertroetel, wat jou aanvaar soos jy graag wil word. Hy stuur iemand wat jou in jou finansiële krisis bystaan. Vriende kyk, Satan manipuleer jou denke en emosies so subtiel dat jy nie eens agterkom dat hy jou misbruik as emosionele teelaarde vir sy leuen nie....

Luister, ek praat nie sommer hierdie dinge omdat praat, praat is nie. Ek was daar en ek vra nou vir jou om deur die Bybel saam met my die pad van die Homoseksueel te loop.

"Daarom gee hulle hulle oor aan die drange van hul harte en aan onsedelike onreinheid sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. Hulle verruil die waarheid van God vir die leuen" (Rom. 1:24 en 25).

Die leuen: Om die leuen word dit alles gebou. Tot God loop deur. Hy word voorgestel vir dit wat Hy nie en nog nooit was nie. Die "Living Bible" beskryf dit so mooi: "After a while they began to think silly ideas of what God was like and what He wanted them to do, the result was that their foolish minds became dark and confused (Rom. 1:21).

Mens, nog onlangs was daar 'n homo optog deur Johannesburg se strate, een van die baniere wat prominent op TV – nuus vertoon was het gelui: "Jesus Christ was gay." 'n

(Vervolg op Bl. 6)

dealing with rejection and guilt

Rejection and guilt are the two spiritual evils most commonly used by Satan to dig deep into our minds, thereby doing his destructive work in our lives. He often uses these two spirits most successfully in his attacks in order to keep us in bondage as we allow them to manifest in us and are thus kept from walking in the total victory, which Jesus Christ has given to each one of us. We have already in past teachings exposed these cruel missiles of Satan and how we can combat them and receive complete deliverance. There are however so many facets to rejection and guilt, that I felt that I wanted to add some practical advice which may be of great help to you. The antidote, of course, always remains the same – FORGIVENESS!

rejection

We can justify our many reasons for feeling rejected. Many people suffer from rejection because they were unwelcome from the moment of conception. A mother may have conceived before marriage and contemplated abortion to do away with the unwelcome intruder. It has been established that if a child was unwanted before his birth, he enters this world with that sense of rejection. Such a child may suffer physical problems, but he is more likely to have emotional problems. There is a form of rejection that flows from a situation where parents wanted a son and you happened to be a daughter or vice versa. Their disappointment is felt in the form of rejection, because rejection is a spirit.

I know of a mother who always introduces her daughter as: "This is Ann, our little accident." Then there is the mother who says: "This is John, he was meant to be our daughter.", and yet another example: "This is Joan our laatlammetjie. I was forty when she was born, and believe me my husband could have murdered me when he found out I was expecting." Do we ever stand still long enough to think of the pain and/or embarrassment we cause in the heart of a child by thoughtless words, which could remain with him for the rest of his life. "I wasn't planned. My parents did not really want me at all. I was actually a disappointment to them - etc." We could and should ask our Heavenly Father to heal our children, emotionally and spiritually, and make them whole, just as Jesus intended them to be. We should however accept them for who they are, especially regarding those things which cannot be changed, such as their sex, their size and their talents.

Much pain and hurt is experienced when a marriage ends in a divorce. Your husband or wife falls in love with someone else and wants to remarry. When you lose a marriage partner in an accident or through divorce, your whole world collapses, and Satan will use severe rejection to try and overcome you. Just remember, you are never alone! Your Heavenly Father loves you. He knew you before you were born and He tells you this in Psalm 139:13 -16. If your childhood was an unhappy one, don't dwell on it, and stop continually blaming your parents and your environment or surroundings for your heartache. Our Heavenly Father says in His Word, that we must forget the past and look to the future. (Philip. 3:14)

You are very special to your Heavenly Father: Jesus would have died on the cross just for you alone, had you been the only person on earth. You are the apple of His eye, and He wants to provide for you in all your needs. He wants to be ALL to you: your father, your family, your friend, your advocate, your provider, your shield. He wants to fill every void in your life with His love. You are very special to your Heavenly Father, and you need to develop a wonderful relationship with Him to experience this truth.

Think about the following scriptures very carefully and seriously and let them wash over your mind. Memorise them, speak them aloud, and use them to resist Satan if he tries to lure you into depression with his suggestions and lies of rejection.

scriptures concerning rejection:

Ps. 139:13-14: For thou hast formed my inward parts: Thou hast covered me in my mother's womb. I will praise Thee; for I am fearfully and wonderfully made: marvelous are Thy works; and that my soul knoweth right well.

1 Pet. 1:2: Elect according to the foreknowledge of God the Father through sanctification of the Spirit, unto obedience and sprinkling of the blood of Jesus Christ: Grace unto you, and peace, be multiplied.

Ps. 68:6: God setteth the solitary in families: He bringeth out those which are bound with chains into prosperity; but the rebellious dwell in a dry land.

Ps. 139:17 & 18: How precious also are Thy thoughts unto me, O God! How great is the sum of them! If I should count them, they are more in number than the sand: When I awake, I am still with Thee.



> "You are very special to your Heavenly Father: Jesus would have died on the cross just for you alone, had you been the only person on earth. You are the apple of His eye, and He wants to provide for you in all your needs. He wants to be ALL to you: your father, your family, your friend, your advocate, your provider, your shield. He wants to fill every void in your life with His love"

feelings of guilt

You need to discern whether any feelings of guilt you may have, are unjustified and have been falsely loaded upon you by Satan, or are they in fact the result of sinful actions and therefore justified. Always remember that Satan loves to accuse and blame falsely! The following is a guideline to prayer, should you find yourself weighed down with guilt. It is important, however, to repent of and confess to your Heavenly Father any sin you may have commit-

(Continued on page 4)

(Continued from page. 3 - Dealing with rejection and guilt)
ted, which has brought a feeling of guilt upon you, and He promises in 1 John 1:9 to forgive you. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness.**

You may need to make right with anyone involved, before praying this prayer, ask your Heavenly Father for wisdom and guidance by His Holy Spirit.

"Heavenly Father, I thank You for Jesus who died on the cross for my sins, guilt and shame. Satan you are bound in Jesus Name and no longer have a hold on me. Father, please free me of all oppressive powers of guilt, shame, self-condemnation, inferiority and unforgiveness.

Please remove all painful memories connected with sins I have committed and mistakes I have made. Please cleanse the deep wounds caused and heal them completely. I lay my guilt at your feet Jesus, be it false or real.

Lord, please help me to leave the past behind me and to look forward to the future with You. Thank you Lord for your forgiveness. Please fill me with love and compassion so that I am willing and able to forgive others as you have forgiven me. I forgive all (name them) who are associated with my feelings of guilt and I choose to forgive myself.

I love you Heavenly Father and I thank you for the gift of your Son Jesus, my Lord and Saviour, who has made this forgiveness possible. Thank you for making me free. Your Word tells me that: **"If the Son therefore shall make you free, ye shall be free indeed". John 8:36.**

I ask this all in that wonderful Name of Jesus, with thanksgiving. Amen.

scriptures concerning feelings of guilt:

Isaiah 43:25: **I, even I, am He that blotteth out thy transgressions for Mine own sake, and will not remember thy sins.**

Rom. 8:1: There **is therefore now no condemnation to them, which are in Christ Jesus, who walk not after the flesh, but after the Spirit.**

Ephesians 1:7: In **whom we have redemption through His blood, the forgiveness of sins, according to the riches of His grace.**

Titus 3:5: Not by works of righteousness which we have done, but according to His mercy He saved us, by the washing of regeneration, and renewing of the Holy Ghost.

Hebrews 10:17: And **their sins and iniquities will I remember no more.**

Romans 3:23 and 24: For all have sinned, and come short of the glory of God; being justified freely by His grace through the redemption that is in Christ Jesus

Psalm 3:6: I will not be afraid of ten thousands of people, that have set themselves against me round about.

Psalm 4:8: I will both lay me down in peace, and sleep: For Thou Lord only, makest me dwell in safety.

Psalm 56:4: In God I will praise His Word, in God I have put my trust; I will not fear what flesh can do unto me.

Psalm 9:5 & 6: Thou hast rebuked the heathen, Thou hast destroyed the wicked, Thou hast put out their name forever and ever. O thou enemy, destructions are come to a perpetual end: and thou hast destroyed cities; their memorial is perished with them.

Proverbs 3:24-26: When thou liest down, thou shalt not be afraid: yea, thou shalt lie down, and thy sleep shall be sweet. Be not afraid of sudden fear, neither of the desolation of the wicked, when it cometh. For the Lord shall be thy confidence, and shall keep thy foot from being taken.

Once again I exhort you to write out these Scriptures and pin them on your mirror, fridge or wall. Memorise them and speak them out aloud. God's Word is Spirit and it is Truth, and will accomplish that for which it is intended. Your victory over guilt is assured, because God will honour His Word, which you have believed and speak into your circumstances, thereby resisting the devil's attacks and lies. ✞

> "If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness."

ons God van wonderwerke!

Dankie vir al u gebede, ek het 'n tydjie gelede gevra vir gebed vir Mev Gertle van Malmesbury vir longkanker en die Here het gehoor. Sy is op pad na herstel, die dokter sê dit is 'n wonderwerk. Sy gebruik nou minimum suurstof in plaas van soos voorheen dag en nag. Almal is so dankbaar!! Dankie aan ons Vader en dankie aan u vir gebed en geloof. Mag ons Vader u baie sterkte en gesondheid gee.

Mev S J Olivier, Tygerdal

Ek groet u in daardie wonderlike naam van onse Here Jesus. Ek wil aan u 'n kort getuienis voorlê. Ek het verlede jaar 2006 aan u 'n brief geskryf waarin ek u meegedeel het van my siekte en ook die van my susterskind se vel probleem waarin ek gevra het dat u vir ons moet bid. Is dit nie wonderlik om die werke van ons liewe Heer te aansjou nie. Die jaar 2007 het daardie seun begin om kortmou hemde te dra. Sy vel raak al beter en beter. Dankie Jesus Christus dat u vir my alles is. My gesondheid verbeter ook. Baie dankie Dr James dat u soveel insit vir onse Heer en Meester, mag u altyd geseënd wees. Ek bid altyd vir julle daar.

Mev A J Lennerts, Ladismith

Ek skryf vandag hierdie brief aan u, om ons dank te betuig. My skoonseun was baie, baie siek en het 'n slukderm operasie gehad. Toe hy uit die hospitaal kom, kon hy niks eet nie. Hulle kon niks vir hom doen, en hy het naar gebly, opgegooi alhoewel daar niks in sy maag was nie. Hy het 20kg verloor. Toe vertel iemand ons van u, en toe het die persoon dadelik vir u gebel. U het die Vrydag vir my skoonseun gebid, en dieselfde Vrydag het hy net begin eet, alles en tot nou toe is hy reg, hy eet alles, kry lus vir enige ding. Prys die Heer. Ons geloof is nou eers sterker as voorheen. Omdat ons gesien het wat kan 'n gebed doen.

Mev B Naude, Welverdiend

Soos so baie kere in die verlede kom sê ek net weer baie dankie vir julle gebede wat ons weereens deur gedra het. Na 'n operasie is my man volkome genees van prostaatkanker. God is so goed, vol liefde, getrou en die verhoorder van ons gebede. Baie dankie dat julle daar is en vir alles wat ek uit jou bediening kon leer, dr James. God sal julle ryklik seën sodat julle nog lank 'n verskil in ons land sal kan maak.

F Esterhuyse, Sutherland

Ek groet u en u eggenoot in die wonderlike Naam van ons Heer en Meester, en u span daar by die sentrum. Weet dat die Here se seën op u almal daar rus, die werk wat u doen om siele vir Jesus te wen sien God raak en u beloning sal u ontvang. Prys die Here!! U oorwinnaars krone wag vir u almal. Ek dank die Here dat daar sulke mense soos u is wat die roepstem van die Here gehoorsaam. Ek het verlede jaar vir u 'n faks getuur van my tweeling seuns Ryno en Carlo dat u vir hulle moet bid vir verlossing van die drank en hulle onverskillige humeure. En die Here het vir Carlo aangeraak hy het sy hart Januarie maand vir die Here gegee. Ek loof en prys die Here want by die Here is niks ontmoontlik nie. Hy alleen kan mense verander.

Mev R A Oersen, Keimoes

Ek groet u almal in die wonderlike Naam van onse Here Jesus Christus. Amen. Dankie vir al die gebede, toe ek die 1ste keer na julle geskryf het ons nog in die ghetto gebly. Ek kan nog onthou hoe ek vra voorbidding daardie tyd. My vrou was nog ongelowig, ons het nie 'n huis van ons eie gehad nie, en ek was soner werk. Baie dankie vir julle almal. My vrou is gelowig, en ons het ons eie huis. Ek het my eie besigheid. Ek is in konstruksie bedryf, en ek vra dat julle vir my besigheid moet bid. Ons het ook ons eie motor.
Dankie vir alles, baie dankie Here Here!! Groete.

Br. Martin en Sus Zelda Le Roux, Dysselsdorp

Ek groet u in die naam van Jesus Christus, ons Verlosser. Ek wil graag getuig van gebeds verhoring. U het gebid vir Dennis Rooi wat 'n werker van my man is. Hy het 'n besering opgedoen waar iets baie swaar wat op sy been geval het, daar was 'n gat in sy maer merrie, en sy voet. Hy kon nie werk en het so 5 maande van die werk afgebly en was omtrent 2 maande in hospitaal. Ek het vir hom u nuusbrief gegee om te lees en ook boekies wat ek vir hom gegee het, ons het u gevra om vir hom te bid. Na 3 dae toe sê hy vir my die been het onverklaarbaar krag, en die swelsel van die voet het gesak. Hy getuig ook deur wat gebed vir hom gedoen het. Die oë blink as hy van die krag van gebed praat. Ek wil die Here loof en prys aan Hom alleen kom die lof en eer toe.
U het vir my gebid deur dat ek 'n vreeslike gejeuk aan my nek en gesig gehad het, deur 'n senuwee toestand. Dit is baie gou opgeklaar, en die senuwee toestand is volkome genees sonder pille. Aan Hom die eer, Prys Sy Naam.

Mev J Niemand, Bloemfontein

Groete uit 'n ysige koue Adelaide. Dit gaan GOED met die Ferreiras – die Here, ons groot, almagtige, wonderlike Here is vir ons so goed! Verlede week toe ek u gevra het om te bid vir die twee pynkolle aan my bene was dit weg net toe die faks deur is!! Dit is 'n absolute wonderwerk – dankie vir u getrouheid en ondersteuning.
Baie dankie vir al u liefde.

Mev M Ferreira,

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Gays" - Is daar .....)
Skildery wat Hom, my Here, as 'n vigslyer uitbeeld, is in beginsel aanvaar? Ons kom later terug hierna.

Kom ons kyk eers na die Bybelse simptome van homoseksualiteit. Ons lees Romeine 1:28. Verdraaide opvattings, soos reeds genoem, doen onbetaamlike dinge. Voor ons verder gaan wil ek net noem dat ek direk en soms indirek by elkeen van die simptome betrokke was. Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug, gemeenheid, jaloesie (Rom. 1:29-31). Jaloers – seker die uitstaande simptoom. Verder staan ook nog moord, twis, bedrog, kwaadwilligheid, haat God, praat kwaad, hooghartig, ja aanmatigend, verwaand ensovoorts.

Dit is egter nie net in Romeine wat ons oor hierdie aspek lees nie. Gaan lees ook 2 Petrus 3:3 en 2 Petrus 2:15. 'n Opsomming van die sestien sondes van homoseksualiteit word saam met bogenoemde Skrifgedeeltes, baie duidelik in die brief van Judas, uiteengesit.

Omdat die Engelse bewoording vir my meer direk en beskrywend van hierdie sondes is, haal ek dit aan uit Dake's Annotated Reference Bible.

1. Practice sex perversion (Judas vers 8, Rom. 1).
2. Despise government and law (Judas vers 8).
3. Insult rules (2 Pet. 2, Judas vers 8).
4. Speak evil in ignorance (Judas vers 10, 1 Tim. 1:13).
5. Corrupt themselves (Judas vers 10, Rom 1).
6. Commit sin in maintaining error in religion (Judas vers 11, Gen. 4).
7. Serve in religion for gain (Judas vers 11, 2 Pet. 2:15, Num. 31:8 and 6).
8. Rebel like Korah (Judas vers 11, Num. 16).
9. Practice Hyprocrisy (Judas vers 12).
10. Commit ungodly deeds (Judas vers 15, Rom. 1).
11. Blaspheme God (Judas vers 16).
12. Murmur and complain (Judas vers 16).
13. Live in ungodly lust (Judas vers 4, 16, 18).
14. Brag and boast (Judas vers 16).
15. Mock truth (Judas vers 18, 2 Pet. 3:3).
16. Live in sensual lust (Judas vers 19).

Vergelyk ook asseblief Rom. 1 met Eksodus 20. Om een voorbeeld uit te lig: "Jy mag nie egbreek pleeg nie." (Eks. 20:14) – sou ek in 'n homoseksuele verhouding wees, dan weerhou ek die ander persoon van normale huwelik – dus pleeg ek egbreek.

Nou is dit ook so dat daar mense is wat homoseksualiteit goedpraat. Ja, Satan gebruik ook godsdiens as dekmantel vir sy leuen. Daar is dan die "predikant" wat homo-paartjies trou. Ja, hierdie afskuwelike leuen klim tot op ons preekstoele – dit is om maar een voorbeeld te noem. "...maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen" (Rom. 1:32).

'n Ander verskrikking ten opsigte van hierdie hele saak, is die oordonderende propaganda waarmee die homos die wêreld bestook. 'n Nuutgevonde vryheid noem hulle dit. Gay regte moet beskerm word, daarvoor word baklei. Maar my vriend, kan ek werklik vry wees as 'n lesbiër 'n "moffie"? Gaan enige aardse regering my daardie vryheid waarborg waaroor soveel beloftes gemaak word? **"Hulle belowe vryheid aan hierdie mense al is hulle self slawe van die verderf, want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf" (2 Petrus 2:19).**

U vra nou seker of die gays of homos dan nie ook grond onder hulle voete het vir dit wat hulle is en propageer nie? Ek verwys nou na die skildery wat Jesus as vigs-lyer uitbeeld. Kom ek sê sommer baie duidelik vir jou – daar bestaan maar geen regverdiging vir hierdie stelling of enige ander stelling wat die gay gemeenskap so graag aanhang en propageer nie!

Hoekom dan nie: Want Jesus het, toe Satan Hom in die woestyn versoek het (Matt. 4:11) nie aan een van die versoekings toegegee nie. Na die derde versoek het Jesus vir Satan gesê: "**Gaan weg, Satan...die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien (Matt. 1:10).** Dus, Jesus het nie toegegee nie!!! Dit is omdat die homoseksueel hom of haarself probeer verontskuldig dat hulle hierdie absolute verdraaide waarhede verkondig.

Maar God wil nie net hê ons moet weet van hierdie sonde nie. Nee, Hy sê: **Ek wil nie hê julle moet met duiwels gemeenskap hou nie" (1 Kor. 10:19).** Sou ons toegee aan hierdie lekkerte wat Satan aan ons opdis, hou ons gemeenskap met alles wat verkeerd en onheilig is.

Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid (**1 Thess. 4:3).** Dit is wat God van my wil hê. In 1 Kor. 6:18-20 word ons teen seksuele losbandigheid gemaan. Ek moet die Wet van God gehoorsaam, want die Wet is bedoel vir diegene wat hulle nie aan die Wet steur nie (1 Tim. 1:9). Vra maar gerus hoe doen ek wat God van my wil hê? BID, BID, BID.

Ek beter my aan die Wet steur anders... Ag man, daar is nog baie tyd. Hoekom moet ek van hierdie lekker afsien? Dit is maar enkele van baie teensinnighede waarna ek al moes luister. Aanvanklik het ek ook geredeneer, nee, geglo dat die gaylewe is daar vir almal wat 'n verskoning soek om nie God's Wet te gehoorsaam nie. Die eie grootsheid het vir baie jare gesorg dat ek 'n rits lesbiese verhoudings gehad het. Ek het ook allerhande, belangrike verskonings gesoek vir my gay wees.

Groot, groot was die skok toe ek wel eendag die Bybel oopslaan en begin lees oor wat my einde sal wees as ek nie hierdie siekte wil afsterf nie. Ons is tog sekerlik almal lief vir die lewe? Ja, ons wil tog almal eendag hemel toe gaan. Maar alvorens ek kan dink aan die hemel, moet ek eers opreg terugkeer na die Wet.

Sommer vroeg in die Ou Testament word ons teen die verskriklike sonde van homoseksualiteit gewaarsku. **"Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood" Lev. 20:13**. **"Die geroep teen Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot"** (**Gen. 18:20).** Ja vrou, verniet het jy gedink dat Gomorra, stad van die Lesbiërs, gespaar sou word. O nee,... dink aan die mense van Sodom en Gomorra... net soos daardie engele het hulle onsedelike dade gepleeg en omgang gesoek met vreemde wesens. En ja, God gee so baie vir ons omdat Hy ons waarsku: **"As waarskuwing vir**

(Vervolg op Bl. 8)

uit dr james se kantoor



Liewe Familie in Jesus,

Ons glo dat julle ook agter gekom het dat die tyd vinnig verby vlieg, asof die dae net te kort is. Ons Hemelse Vader belowe ons in die Woord dat Hy die dae sal verkort terwille van Sy kinders in die Goddelose wêreld (Matt. 24:22). Ons moet ons lewe rig op Sy beloftes en versigtig wees dat die omstandighede rondom ons nie die oorhand sal kry nie - die wetteloosheid – die val in die waarde van geld - en die leerstellings van duiwels in die kerk en baie meer, want God se Woord het gesê dat dit so sal wees in die laaste dae.

Wat ek die moeilikste vind om mee te deel, is die feit dat so baie geleerde kerkleiers van verskillende denominasies nou saamkom om sake aangaande die skrif, sake wat God, Wie volkome gesag het, alreeds in Sy Woord, die Bybel, meegedeel het, te bespreek en te oorweeg. Hierdie Woord, wat in die hemel vir ewig vasgestel en gevestig is, is deur God se Heilige Gees geïnspireer en het die finale sê in alles. Nou het mense met hul groot "kennis" en "wysheid" die vermetelheid en verwaandheid om te veronderstel dat hulle oorwegings en besluite dit kan ter syde stel wat die Woord van Almagtige God verklaar het. Ek verwys na onderwerpe soos die wederopstanding van Christus en of dit werklik plaasgevind het, die maagdelike geboorte en of dit wel moontlik was of nie, Jesus se dood en of Hy werklik gesterf het of Sy eie dood vervals het. Om verdere verwarring in die kerk te bring, bevraagteken die skrifgeleerdes nou of die duiwel werklik bestaan. Die profesie dat in die laaste dae daar duiwels se leerstellings sal wees (1Tim.4:1), word nou verweesenlik, want my Bybel sê : **weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug**. (Jac.4:7), **En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig.** (2Co 11:14), **Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.** (1Pe 5:8) . Ons moet onthou dat die Woord sê in Jac.3:1 **Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.** En lees ook in Open.22:18-19.

Hoe durf godsdienstige leiers sulke onderwerpe te tafel lê en redeneer, in teenstelling met die geopenbaarde wil en waarskuwings van Vader God. Die gevolge onder die verwarde lidmate is onberekenbaar. Wat `n aakligheid, dat daar nou heftige besprekings in die Sinode, of "gays" as predikante in die kerk van die Here Jesus Christus georden kan word, en dat ouderlinge van die gemeentes daaroor moet besluit. (Pontius Pilatus het sy hande gewas).

Die wat gays voorstaan as kerk lidmate verklaar: " *Net soos `n heteroseksuele oriëntering nie `n sonde is nie, is `n homoseksuele orientering ook nie `n sonde nie. En net soos `n morele heteroseksuele lewenswyse nie `n sonde is nie, so ook is `n morele homoseksuele lewenswyse nie `n sonde nie."* Hoe is dit vir Christenleiers moontlik om hierdie leuen te sluk, wanneer die Bybel so duidelik is oor die feit dat homoseksualiteit `n gruwel voor God is, en soveel so dat Sodom en Gamorra heeltemal deur vuur en swael vernietig is as gevolg daarvan. Die aanvaarbare leuen deur kerkleiers dat homoseksualiteit 'n aangebore eienskap in die persoon is, moet dan dieselfde redenasie wees vir moordenaars, diewe, rowers, egbrekers, dwelmverslaafdes ens. ens.

Ons moet die persoon liefhê wat in sonde verval het, wat verslaaf is en seksueel pervers is, maar ons moet die sonde haat, en dit sien vir wat dit is, naamlik, dat dit na ewige verdoemenis lei. Ons moet vir hulle bid wat slawe van die sonde en Satan geword het, dat hul oë mag oop gaan en hul tot die kennis van die waarheid mag kom, hul Bekeer en die Here Jesus Christus as hul Heer en Verlosser kan Ontvang. Jesus sal hulle vrymaak! Hoe kan 'n kerk en sy geleerde leiers homoseksualiteit goed praat, waar sekere lidmate en leeraars hulle seksuele bevrediging en drange in die rioel van `n ander vind, en daan optogte organiseer om die feit hoogmoedelik te verklaar! **Maar daar bly verlossing in Jesus** – lees die getuienis in ons hoof artikel.

Ons bid vir julle elke oggend om 7 uur wanneer ons nagmaal neem, dat ons almal sal staande bly en volhard tot Jesus kom. Vriende, net soos ons daagliks vir julle bid, is ons baie afhanklik van elkeen van julle se gebede vir ons – asseblief moenie daar laat slap lê nie. Satan sal enigiets in sy vermoë doen om ons te sif soos koring (Luk. 22:31), want ons skroom nie om sy duistere koninkryk aan te durf nie, maar ons is volkome afhanklik van God se oorvloedige genade en al ons vriende wat vir ons bid en ondersteun. Baie dankie!

Mag die Here elkeen van julle kosbare gesinne seën. Onthou die Koms van die Here is naby, laat ons moedig vasstaan tot aan die einde toe in die Waarheid van Sy Woord.

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Gays" - Is daar .....)

almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand" (Judas 7).

Onthou: die straf is die dood!!! God het Sodom en Gomorra verwoes. **"Niemand sal ooit weer daar bly nie" (Jer. 50:40).** Daar sal nie 'n enkele homoseksueel bly lewe nie... DINK DAARAAN!!!

Dankie Vader dat U my wil verander. Ja my liewe Vriende, Jesus het ook vir my GAYSONDE betaal. So groot is God se liefde vir my dat Sy Seun se bloed my skoon gewas het. Jesus se Bloed het my genees – ten volle.

Weet tog dat "Toe ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek het nie: Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid, en U het my skuld vergewe" (Psalm 32:5-6). Ek moet eers my skuld bely. Lees gerus die hele Psalm 32.

Ek weet egter dat ek te swak is om alleen te staan. Ek wil nie net genees wees nie, maar ek wil ook voluit vir my God, ja, my Geneser lewe – daarom moet ek bereid wees om geheel en al bankrot voor Hom te staan. Ek is dan so bang... nadat ek alles oor gaywees gelees het, besef ek hoe groot my sondeskuld is. Ek is bang God stuur my weg.... Nee, nee, nee my liewe vriend – God se liefde is te Groot om ons weg te stuur. Hy wil nie hê ons moet verlore gaan nie (Joh. 3:15-16). God wil van my 'n nuwe mens maak (Kol. 3:5). Hy wil hê dat ek elke dag 1 Johannes 1 tot 5 sal lees. In hierdie gedeelte leer ek hoe om regtig soos 'n "gesonde" kind van Hom te lewe. Hy wil ook hê dat ek sal glo, opreg sal glo dat ek tot alles in staat is deur Hom wat my krag gee (Fil. 4:13). Dit is baie maklik om te sê: Here, hier is ek. Maar ou maat, ons gedagtes gereinig sal word deur Jesus se Bloed. Eers wanneer ons gedagtes heeltemal skoon is, is daar plek vir die Here van die Dinge, wat God van ons wil hê.

Ons moet daaglike ons absolute afhanklikheid aan God erken, want glo my, met 'n woedende Satan sal die versoekings gou-gou te groot raak. Wanneer ek dan hierdie heerlike afhanklikheid erken, sal ek opnuut bewus wees dat my vrees om weggestuur te word, heeltemal ongegrond was. Nee, ons Liewe Here Jesus nooi ons om opreg te bid en met alles na Hom te kom – Hy sal ons vergewe en gee wat ons nodig het – sonde verwyt (Jak. 1:5). Lees die hele hoofstuk, want versoekings sal kom en ons anker is God.

Moet nooit moedeloos raak as Satan, gewoonlik deur 'n gedagte of op talle ander maniere, aan jou deur kom klop nie. "Met my God loop ek 'n bende storm. Met my God spring ek oor 'n muur" (Psalm 18:30).

God het ons vrygespreek (Rom. 5:1-11). Gaan lees hierdie gedeelte. Glo dit net. Moet nooit ophou bid nie. Staan vas in die geloof. Leef dankbaar. Gee jou hele mense wees aan ons Liefdevolle Vader en ek waarborg jou – ja 'n waarborg wat geen regering, geen menseregteorganisasie, niemand behalwe God, jou gee nie: JY SAL NOOIT SPYT WEES NIE!!!

Nog nooit het God ons "gedrop" nie. Hy hou altyd Sy Woord. GLO DIT – ANVAAR DIT – LEWE DIT.... Want Hy is die Enigste Geneesheer vir gaywees...

Alles is nou goed en wel. Ons het gepraat oor gaywees en dat ek uit Genade, genesing kan ontvang, maar wat nou...

Kom ons klim die tien trappe van oorwinning en vreugde. Ons lees die Gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:11-31).

1. Die verlore seun het tot homself gekom (Luk. 15:17). Ek erken dat ek 'n probleem het.

2. "Ek sal opstaan en na my Vader gaan" (Luk. 15:18). Ek wil iets aan my probleem doen.

3. Ek het gesondig... (Luk. 15:18). Ek erken dat ek gesondig het en ek sê dit vir God.

4. Nou is ons by die groot trap van vrees. Wat gaan die vader doen omtrent die seun se terugkoms? Gaan God my vergewe of gaan Hy my wegstuur? "Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom INNIG JAMMER gekry. Hy HARDLOOP HOM TEGEMOET, OMHELS hom en SOEN hom (Luk. 15:20). Hoekom "worry" jy...?

5. Vra om vergifnis. "Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie (Luk. 15:21). Vergewe jouself en ook al die mense wat jou deur jou lewe te na gekom het.

6. "Ek maak my los van dit wat agter is en strek my uit na wat voor is" (Fil. 3:14). Ek moet nou vergeet van al die verkeerde dinge wat ek al gedoen het. "Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die Hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus (Fil. 3:14). Ek gaan hierdie siekte/ sonde oorwin.

7. Gaan die Vaderhuis in. Jy word nie weggejaag nie, nee, jy word genooi om Jesus in jou lewe te laat inkom.

8. "Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan, sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek hom skoene aan! (Luk. 15:22-23) Laat toe dat God se werksmense , betroubare mense, jou onder hulle vlerk neem en jou ondersteun. AAN OUERS, MOET NOOIT, MAAR NOOIT VERWYT NIE – GEE LIEFDE, BAIE LIEFDE EN BID, BID, BID....

9. "Bring die vetgemaakte kalf... Laat ons feesvier (Luk. 15:23). God gee vir jou Sy beste. Hy is bly dat jy tot inkeer gekom het.

Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; Hy was verlore, en ek het hom teruggekry (Luk. 15:24). Dit is vir JOU waarvoor hierdie feesmaal berei word!

10. Bly in die Vaderhuis. "Hou net vas wat jy het, totdat Ek kom" (Openb. 2:25). Ek sal jou vashou in die tyd van beproewing. Hou vas wat jy het sodat niemand jou kan beroof nie; Ek kom gou (Openb. 3:10-11).

Watter wonderlike beloftes maak God nie aan ons nie! My vriend, Hy verstoot jou nie – Hy nooi jou om terug te kom huis toe, Hy gee vir jou om – Hy gee vir jou Sy beste – Hy het Sy Enigste Seun vir jou gegee!

Ek sê weer vir jou: Glo dit – Aanvaar dit – Lewe dit. Die prys van oorwinning is so groot. "**Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly (Openb. 3:12).** Lees ook asseblief Openb. 3:19-21. JY word genooi... JY kan oorwin... JY sal beloon word...

Aan my ouers, familie, vriende, bekendes en onbekendes wat nog nooit opgehou bid het vir my nie, baie dankie.

Aan my Hemelse Vader kom al die eer en dank toe. Ek is deur die Groot Geneesheer aangeraak, volkome genees. Ek loof en prys Sy Naam, 'n nuwe lewe het Hy my gegee. ✞